# Persverklaring oor die Regiment Capital aangeleentheid

**Tshwane, 19 Mei 2023 –** Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het gesê dat hy bly is oor die beslissing deur die Hoogste Hof van Appèl op 18 Mei 2023 in die saak tussen die *Kommissaris van SARS en Regiments Capital (Edms.) Bpk., en Ander.*

Verskeie partye met "belange" in Regiments het aansoek gedoen om tersydestelling van Regiments se likwidasie. SARS het ingetree en die tersydestelling teengestaan, maar die Hooggeregshof het beslis om, inter alia, Regiment se likwidasie ter syde te stel.

Inherent tot die hofverrigtinge, was die gesag om noemenswaardige aandeletransaksies te ontbondel, asook die beveilig van die verdeling van die opbrengste.

SARS en die likwidateurs het by die Hoogste Hof teen hierdie beslissing geappelleer, wat nou die Hooggeregshof se beslissing tersyde gestel het en Regiment se likwidasie bevestig het. Die uitwerking van hierdie beslissing plaas nou die likwidasie van die maatskappy, insluitend die ontbondeling van die maatskappy se beleggings, in die likwidateurs se hande en onder die uiteindelike bewarende oog van die krediteure en die Meester van die Hooggeregshof.

In die omkering van die beslissing deur die Hooggeregshof en die handhawing van SARS se appèl, het die Hoogste Hof afdoende bevind dat Regiments feitelik en kommersieel insolvent is en dat daar geen basis is vir die bevinding dat die voortgaan van die likwidasie onnodig of ongewens is nie.

Hierdie verrigtinge wys dat SARS ingestel is op die nuanse van korporatiewe strukturering, en die vaardighede en voorneme het om streng op te tree om die fiskus te beskerm en doelgerig op te tree in die algehele belange van die belastingbasis.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Die uitslag van hierdie ingewikkelde en hoogsbetwisde appèl, weerspieël my onderneming, soos aan die begin van my termyn aangedui, om beslissend en geregtelik op te tree om gevalle van staatskaping te bekamp en om publieke vertroue te herstel."

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za

EINDE